

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Sien en insien"

Skriflesing: Johannes 9:1-41

Lied 177

Jesus, gróót bo almal:
sterke Verlosser,
magtige Heer en Heiland,
Immanuel - God is met ons -
reddende Here, lewende Woord.

Broodjies vir die pad

Gebed van 'n seeman

Keer ons, Heer

as ons te ingenome raak met onself;
as ons drome waar word, omdat ons te gewoon droom;
as ons aankom, omdat ons te ná aan die land, té veilig
gevaar het.

Keer ons, Heer

as die baie wat ons besit, ons dors na lewenswater les;
as ons, in liefde vir die hede, die ewige vergeet;
as ons, in 'n poging om 'n nuwe aarde te skep, die
visie van 'n hemel laat verdof.

Help ons, Heer

om groter te durf droom, om wyer seë te verken,
om ons sig van land te verloor, sodat ons die sterre kan
sien.

Verskuif ons horison, verhoog ons hoop en stuur ons met
moed en mededoë U toekoms in.

In die naam van Jesus Christus.

Amen.

Francis Drake

(Vrye vertaling: Marie de Kock)



"The most beautiful thing we can experience is the mysterious. It is the source of all true art and science. He to whom the emotion is a stranger, who can no longer pause to wonder and stand wrapped in awe, is as good as dead – his eyes are closed. The insight into the mystery of life, coupled though it be with fear, has also given rise to religion. To know what is impenetrable to us really exists, manifesting itself as the highest wisdom and the most radiant beauty, which our dull faculties can comprehend only in their most primitive forms – this knowledge, this feeling is at the center of true religiousness."

– Albert Einstein, *Living Philosophies*

"A philosopher knows that in reality he knows very little. That is why he constantly strives to achieve true insight. Socrates was one of these rare people. He knew that he knew nothing about life and about the world. And now comes the important part: it troubled him that he knew so little."

– Jostein Gaarder, *Sophie's World*



Elvis, Anne Frank en die klokke

Murray La Vita

Op 'n bewolkte Maandagnamiddag sien ek hom waar hy by 'n stalletjie op die Waterlooplein-mark na ou CD's kyk. Hy dra 'n goedkoop, verslete swart pak. Langs hom staan 'n swart tas op wieteltjies. Sy een hand rus op die handvat van dié moeë objek.

Wat my aandag aanvanklik getrek het, is die beweging van sy hare in die wind. Ek het uit die hoek van my oog gesien hoe die wind sy bles oopwaai. En toe het ek sy reusebakkebaarde opgemerk en kon ek die gesig van Elvis in sy laaste dae herken. Is die man 'n werklose Elvis-nabootser wat pas in Amsterdam aangekom het? Van waar af? Montenegro? Istanbul? Belgrado? Damaskus?

Op een van die drie foto's wat ek skelm van hom geneem het, is telefone uit die 1970's op die voorgrond sigbaar. Hulle lê op 'n stapeltjie: Gebruikte telefone te koop.

Ek wou so graag hê een van daardie fone moet lui en die man moet (sonder om verbaas te lyk) omdraai en dit optel. Dan moet hy glimlag en in 'n stem wat al dekades lank aan miljoene bekend is, sê: "Hello, Elvis here."

Wie wil Anne wees?

Die vorige dag het ek by die groot vlooiemark IJ-Hallen buite die stad 'n muurskildery van Anne Frank gesien. Dit is 'n kleurryke afbeelding van een van die bekende swart-wit-foto's van haar. Bo haar kop (en glimlaggende gesig) staan: "Let me be myself."

Wat beteken dit? Het dit iets te doen met die projeksies wat nou nog op haar gerig word, dekades nadat sy deur die Nazi's na Bergen-Belsen gestuur is en daar gesterf het? Wil sy aan die verwagtinge ontsnap van die lang toue mense wat daagliks die Achterhuis kom besoek waar sy en haar geliefdes geskuiel het voordat hulle ontdek is? Hoe wil sy haarself wees? Wie was sy? Hoekom is haar dood vir ons so verskriklik? Is dit omdat sy en

die besonderhede van haar lewe en haar drome aan ons so intiem bekend geword het deur haar dagboek?

Die Achterhuis is neffens die Westerkerk, waar Rembrandt begrawe is. Ek woon in die Keizersgracht in 'n huis baie soortgelyk aan die Anne Frank-huis. Dit is ook naby aan die kerk. My eerste sterk indrukke van Amsterdam is die geluid van reën en die Westerkerk se klokke wat ek uit my dakkamer kan hoor. Dit is dieselfde klokke as waarna Anne geluister het en waarna sy in haar dagboek verwys. Toe ek 'n opmerking oor die klokke maak (nog voordat ek geweet het dit is die klokke van die Westerkerk) het my buurvrou Isabelle Vermeij van Zuid-Afrika Huis my vertel dat ook Anne die klokke kon hoor en gesê: “Gek, hè?”

Anne kon die kloktoring uit haar soldervenster sien. En, dink ek in die nag wanneer ek van die gelui wakker word, sy het geskryf die geluid is vir haar vertroostend.

Ek het al 'n paar keer verby “haar” huis geloop, maar het nog nie ingegaan nie. Is ek te lui om in 'n lang tou te staan? Of is ek bang vir wat ek daar binne gaan aantref?

Een middag het ek 'n rukkie op 'n bank langs die Prinsengracht gesit en opgekyk na die huis. In 'n venster van 'n aangrensende huis was 'n mooi ou hobbelperdjie sigbaar.

'n Raaf op 'n boot

Benewens die geluid van klokke en reën, is dit die stilte in my buurt wat my aanvanklik opgeval het. Teen die agtergrond van so 'n stilte word klein geluide intens en kragtig: die sug wat uit die rosige mond van 'n jong vrou kom wanneer haar fiets deur 'n knik beweeg. Iemand wat fluit. Die gekrys van 'n groot raaf op 'n huisboot wat vir 'n blonde vrou en haar blonde seuntjie sit en kyk waar hulle glimlaggend teenoor mekaar by 'n tafel in die immer-geankerde vaartuig sit. Of die stemme van merels en duive in die kaal takke van die groot plataan- en beukebome.

Ek vind die teenwoordigheid van voëls gerusstellend. Hulle verleen 'n vitaliteit aan 'n omgewing; hulle is lewensbevestigend. Dit in teenstelling met die doodse stilte wat ek jare gelede in Toskane beleef het waar jagters die lug met hul gewere ontruim het.

Terwyl ek pas ná my aankoms op 'n rooi toeristebus deur die stad ry, het ek in die verte twee wit swane gesien. Was dit op die IJ of op die Amstel? Ek is nie seker nie, maar ek hoop om nog swane te gewaar, ook die (vir my) misterieuse en ongewone swartes.

Ander se intimiteit

In die vliegtuig op pad hierheen het ek gelees waarom die ruim vensters van die ou Amsterdamse huise meestal onbedek is deur gordyne of blindings en jy op mense se lewe kan inkyk. (Ek het al 'n aardbol, 'n lieflike boekery, 'n lewensgrootte beeld van 'n flamink en 'n swart kat wat van 'n kas af spring, gesien.) Dit is glo nog die sediment van 'n Calvinistiese ingesteldheid van: Kyk, ons het niks om weg te steek nie. Dit mag so wees, maar vir my as ínkyker het dit ook laat dink: Ja, ek sien die intimiteit van twee mense besig om kos te maak; besig om 'n glas wyn te drink; besig om TV te kyk; die een besig om, gebaai in sagte lig, die ander se hare te streel. Of 'n skamel geklede vrou wat glimlag en wink. Ek sien dit en dit is bekoorlik. Maar dit laat my ook alleen voel en of ek baie ver van hulle af is. Want ons kan mekaar immers nie hóór nie. Al wat ons almal kan hoor, is die klokke.

* Murray La Vita is tans *Naspers en Zuid-Afrikahuis se residentjoernalis in Amsterdam.*

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/elvis-anne-frank-en-die-klokke-20170321#>

Brood vir die pad

Ons gedagtes is vry, ons kan dink wat ons wil

DJS

Die gedagte self is oud, dit kom van ver – en byna vanself. Ons kan dink wat ons wil. Ons denke is die één plek waar niemand ons kan voorskryf nie, die diepste vorm van vryheid, soms die éinigste, die lááste vorm. Niemand weét immers eens wat ons dink nie? Ons kan verskil van ander, weier, ons verset – want ons gedagtes is vry. Sels al sê almal só en al gebeur ook al wát, kan ons nog steeds dróóm, verlang, ons verbeel, rondswerf, uitstyg, ontsnap, ontvlug, doen wat ons wil, gáán waar ons wil, weés wie ons wil, in ons gedagtewêreld.

In Heidelberg se universiteitsbiblioteek bewonder toeriste daagliks die versierde handskrif met liedere waarin die minnesanger Walther von der Vogelweide rondom 1300 reeds dié motief besing, maar die gedagte self is veel ouer. In die laat 18de eeu ontstaan 'n Duitse lied met dié tema, “*Die Gedanken sind frei*”, wat deur Achim von Arnim en Clemens Brentano gebundel word en later tot volkslied ontwikkel, maar telkens ook dien vir politieke verset. Sophie Scholl van Wit Roos-faam speel dit op 'n fluit buite die tronk waar die Nazi's haar vader aanhou. In 1948 sing 300 000 Berlyners dit spontaan uit protes teen die blokkade toe hulle voor die Reichstag se ruïne saamdrom. Sedert 1976 het Leonard Cohen dit op toer gesing.

As Pete Seeger teen oorlog sing, behou hy die Duits in sy Engelse weergawe. “*My thoughts will not cater/To duke or dictator/No one can deny/Die Gedanken sind frei/Tyrants can take me/And throw me in prison/My thoughts will burst forth/Like blossoms in season/Foundations may crumble/And structures may tumble/But free men shall cry/Die Gedanken sind frei.*”

Dog dis natuurlik nie waar nie. Dis tog wensdenkery, self-bluf? Dit kom tog nié so vanself nie? Vele van ons is immers onvry, dink nié self nie, kritiseer min, verset ons skaars, bly slawe van sorg en vrese? Droom en verlang nooit, bid en hunker selde, ontsnap beswaarlik van daaglikse sleur en roetine, van kommer en kwelling? Nee, vele van ons is eerder gevangenes – sels in ons gedagtes, voorgesê, ingebeeld, wysgemaak, naperaters. Of moedeloos, moeg, boedel oorgegee, sonder uitsig.

Ook dié vryheid moet nagejaag en gesoek word, geoefen word, bietjie vir bietjie. Soos digters doen, bidders, dagboekskrywers, kinders, noem maar op, dromers, al diegene wat die kuns ken van ontsnap in gedagtes – en vry wees. Van ons ander het dit dalk iewers afgeleer, verloor, en moet dit herontdek en opnuut bemeester.

Leer tyd maak vir verbéél, vir glo dat dinge ánders kan wees – en stappie vir stappie die vreugde van dié vryheid leer ken, ook al kan ander nie eens ráái waar ons gedagtes oral dwaal nie!

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/ons-gedagtes-is-vry-ons-kan-dink-wat-ons-wil-20170317>



Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

Ubi caritas, et amor

ubi caritas, Deus ibi est.